



## DIE HEILIGE GEES

Die Skietlood 66 het 'n betoog rakende die erediens aangevoer. Soos dit is met enige teologiese saak, is daar baie wat gesê word en veel meer wat nie binne die bestek van 'n besondere betoog se skopus val nie.

Die benadering in die vorige uitgawe van die Skietlood was baie meer gerig op die inrigting van die erediens en die verstaan van die elemente vanuit 'n menslike perspektief. 'n Opmerking in die Beeld van 14 Julie 2015, asook 'n brief van 'n ouderling, noop die skryf van 'n opvolg wat eintlik as voorloper moes dien tot 'n nadenke oor liturgie.

Die opmerking in die Beeld was deur 'n pastoor wat die reformatoriese kerke (in die besonder die Afrikanerkerke) prakties beskuldig van ongeloof en kettery. Volgens hom hou die reformatore nie meer rekening nie met of die Heilige Gees of die werking van die Heilige Gees in die erediens in die besonder. Met eerste oogopslag kan die beredenering in Die Skietlood 66 die indruk ondersteun. Daarmee saam die brief ontvang:

*Beste ds/Dr*

*Kan ek asb 'n paar vrae vra oor die uiteensetting van die erediens soos in hierdie uitgawe vervat .*

*1. Dit is kommerwekkend dat daar nêrens enige vermelding van die Heilige Gees is nie . Is daar 'n rede voor ?*

*2. Ons glo dat die HG in ons woon en ons lees in die Woord dat God nie in tempels woon wat met hande gebou is nie . Met dit in gedagte , moet ons nie dalk minder van die Sondag ontmoeting maak nie want die HG woon in my en is daarom 24/7 by my . My ontmoeting met God is dus elke oomblik van die dag en nie spesiaal op Sondag tussen 9h00 en*

*10h00 nie . Moet ons so "fyngvoelig" wees oor presies wat wanneer gebeur ?*

Teen hierdie agtergrond is dit noodsaaklik dat 'n Reformatoriese perspektief aangebied word oor die rol van die Heilige Gees tydens die erediens. Lesers sal onthou dat daar reeds in die 63e uitgawe van Die Skietlood aandag gegee is aan die saak onder die opskrif, **Pneumatologie**.

Hierdie skrywe word dus aanvullend aangebied. Geen aanspraak word gemaak op volledigheid nie, geen selfverweer is ter sprake nie, net 'n eerlike uiteensetting van die basiese veronderstellings wat ons motiveer in ons benadering ten opsigte van die Heilige Gees se rol.

Voordat ons die rol van Heilige Gees in die erediens kan verwoord, moet ons eers sekere pensketse maak oor God se Gees.

Die Heilige Gees is God se Gees. Op spoor van dogmatici soos Van Niftrik, beteken dit dat ons moet stel dat die Gees een synswese is van die een waaragtige God. In die *Apostolicum* word die belydenis aangaande die Gees begin met *credo*, net soos aan die begin van die belydenis oor die Vader en die Seun. Ons leef in die Heilige Gees se bedeling (geloofshistories).

Met ander woorde die Vader en die Seun se werk is gedoen en word volgehou, die Gees is nou die Handelende-Een in ons heilsgeskiedenis, en dit op 'n baie besondere manier.

Die Heilige Gees is die een wat die objektiewe waarheid van Jesus Christus aan elkeen van ons subjektief verkondig en verseker. Die Heilige Gees maak dit wat Jesus vermag het, elkeen van ons se eie werklikheid. Ons kan en hoef nie net van buite die paradys raak te sien nie, dit is ons voorland en toekoms-

woning. Om dit sonder omhaal te stel, die Heilige Gees preek en oortuig ons van die persoon en werk van Jesus Christus.

Dit beteken dat ons aan Christus verbind is- en moet bly- om nie in die slagvat van die mistiek te struikel nie.

Die **mistiek** se klem is op die enkeling, die ervaring van die enkeling. Dit gaan oor die **eie ek** en die **innerlike ervaring van die persoon**, en nie om die heilshistoriese feit van Jesus as die Christus nie.

Al is dit so dat die Heilige Gees in ons woon, is dit steeds so dat dit God se Gees is en daarom kan ons niks vir en van onself opeis nie. Die Heilige Gees is op 'n besondere manier betrokke by die kerk.

Die Heilige Gees word as volg bely:

**Apostolicum:** *Ek glo in die Heilige Gees; ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, die vergewing van sondes, die opstanding van die vlees en in 'n ewige lewe.*

**Nicea:** *Ons glo in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak. Hy gaan van die Vader en die Seun uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik. Hy het deur die profete gespreek. Ons glo aan een, heilige, algemene en apostoliese kerk. Ons bely een doop tot vergifnis van sondes. Ons verwag die opstanding van die dooies en die lewe van die toekomstige bedeling.*

Alhoewel die belydenis, vernoem na Athanasius, se fokus op die Triniteit is, word dit tog ook duidelik dat die Heilige Gees op 'n spesifieke manier bely moet word.

**Athanasius:** *Ons moet die een God in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid eer, sonder om die persone te vermeng of die wese te deel. Want die persoon van die Vader is 'n ander, dié van die Seun is 'n ander, dié van die Heilige Gees is 'n ander. Tog het die Vader en die Seun en die Heilige Gees een Godheid, gelyke eer en gelyke*

*ewige heerlikheid. Soos die Vader is, so is ook die Seun en ook die Heilige Gees. Die Vader is ongeskape, die Seun is ongeskape, die Heilige Gees is ongeskape; onmeetlik is die Vader, onmeetlik is die Seun, onmeetlik is die Heilige Gees; die Vader is ewig, die Seun is ewig, die Heilige Gees is ewig. Nogtans is daar nie drie ewiges nie maar een Ewige, net soos daar ook nie drie ongeskapenes of drie onmeetlikes is nie maar een Ongeskapene en een Onmeetlike. Eweneens is die Vader almagtig, die Seun almagtig, die Heilige Gees almagtig; en tog is daar nie drie almagtiges nie maar een Almagtige. So ook is die Vader God, die Seun God, die Heilige Gees God; en tog is daar nie drie gode nie maar een God. Net so is die Vader Here, die Seun Here, die Heilige Gees Here; en tog is daar nie drie heres nie maar een Here. Want soos ons deur die Christelike waarheid gedwing word om elke Persoon afsonderlik God en Here te noem, word ons ook deur die algemene geloof verbied om drie gode of heres te bely. Die Vader is deur niemand gemaak of geskep of gegenerer nie; die Seun is deur die Vader alleen nie gemaak of geskep nie maar gegenerer; die Heilige Gees is deur die Vader en die Seun nie gemaak of geskep of gegenerer nie maar gaan van Hulle uit. So is daar dan een Vader, nie drie vaders nie; een Seun, nie drie seuns nie; een Heilige Gees, nie drie heilige geeste nie. En in hierdie Drieheid is daar nie eerste of laaste nie, nie meeste of minste nie, maar al drie Persone het gelyke ewigheid en is heeltemal aan mekaar gelyk, sodat in alle opsigte, soos hierbo gesê is, die Eenheid in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid geëer moet word. Wie dus salig wil word, moet so oor die Drie-eenheid dink.*

Dit is met ander woorde uit veral die Apostolicum en Nicea duidelik dat die Heilige Gees besig is om die objektiewe heil wat Jesus bewerkstellig het, te vestig, versorg en onderhou. Dit is

waarom daar na die Heilige Gees verwys word as die Parakleet (verkondiger).

Hierdie werk van die Gees geskied in sekere ruimtes, met gebruikmaking van sekere instrumente, by wyse van spreke. Die Heilige Gees werk veral in en deur die ruimte van die kerk, meer spesifiek die mense in die kerk. Hierdie mense word saamgebind deur die een waarheid, word gelei deur die een Here. Die Gees verseker mense veral van vergifnis van sondes, verseker mense dat Jesus se heilswerk beteken dat hulle ook die ewige lewe gaan bekom.

Die Heilige Gees gebruik die verkondiging om hierdie werk te doen. Die Gees het deur die profete gespreek en spreek nou nog in en deur die kerk. Van die eerste uitstorting van die Heilige Gees was die verkondiging van God se wonders in en deur Jesus die kern van die Gees se werksaamhede.

Dit is die mens se geneigdheid om in mistiek opgeneem te wil word (waar die mens die kern is), wat maak dat die fokus deur so baie mense en kerke dikwels verskuif na die spreke in tale. Die spreke in tale soos in Handeling oorvertel, was nie doel van die Gees nie, maar instrument van die Parakleet. Om dit anders te stel, die boodskap van God se openbaring in Christus moes aan alle mense verkondig word. Om hierdie doel te bereik, het die Heilige Gees 'n dubbele wonder bewerkstellig, naamlik; gelowiges het met vrymoedigheid die Evangelie verkondig (eerste wonder van die Gees) en om dit te doen, moes die eerste gelowiges dit skielik in ander tale kon doen (tweede wonder van die Gees) om so te verseker dat alle mense die Goeie Boodskap hoor.

'n Bekende teoloog van die verlede het die tweede wonder anders interpreteer deur te stel dat die tweede wonder by die hoorders gebeur het. Volgens hierdie interpretasie het die eerste gelowiges in hulle eie taal die Evangelie verkondig en die Heilige Gees het in die hoorders se

ore gewerk om dit in hulle eie taal te hoor en verstaan.

Die punt is dat die Heilige Gees se fokus op die Evangelie was, nie die skep van 'n voorwaarde tot geloof naas die aanvaar van die Evangelie nie. Die mistiek, soos vergestalt in soveel charismatiese kerke, misplaas die fokus na die spreke in tale (mens, menslike ervaring en prestasie) en nie meer op Christus as die HERE nie. Kortom, dit lyk asof charismate die middel verhef tot die doel.

Telkens lees ons in die Handeling dat die predikers onder leiding van die Gees gepraat het, telkens oor die verlossing in Christus.

Die Gees oortuig mense van die openbaring in Christus, daar is volgens die Skrif geen afsonderlike openbaring wat aan die Gees toegedig kan word nie. Die Gees lei en stuur prediking oor die openbaring van God in Christus Jesus. Aan die ander kant is die Heilige Gees ook betrokke by die ontvang van die verkondiging en die geloof wat dit by mense verwek. Ons verhouding met God word deur die Heilige Gees moontlik gemaak.

Gees en geesdrif – Sommige charismate verwar ook die Heilige Gees en geesdrif in 'n mistiese ervaring met mekaar. Die geesdrif wat gepaard gaan met die skielike trans en spreke in tale (en dan ook uitleg) word gesien as teken van die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Die sing van herhalende frases, die emosionele wipplank en gepaardgaande *katarsis* (skoonwas) van emosies word verstaan as Geesvervuld in plaas van geesdriftige aanbidding – dus 'n emosionele ervaring. Daar waar die Woord suiwer verkondig word, daar is God se Gees teenwoordig.

Die Heilige Gees en die Woord is onlosmaaklik aan mekaar verbind deur God.

Teen hierdie agtergrond kan ons dan antwoorde voorstel.

Aan die pastoor kan gestel word dat hy die verkeerde maatstaf aanlê om te bepaal of die Heilige Gees teenwoordig is. Die suiwerheid van die leer is aanduiding van die teenwoordigheid en werking van die Parakleet. Reformatore kan ook kennis neem dat 'n bietjie geesdrif in ons diens aan die Here, geen skade kan doen nie.

Te veel male staan lidmate en luister na die sang, eerder as om hartlik (al is dit monotonies vals) saam te sing.

Die antwoord aan die skrywer van die brief wat aangehaal is, is om eerstens te wys na die veronderstellings wat in Die Skietlood 66 tog duidelik na vore kom. Teen die einde van paragraaf 9 word dit ook veronderstel in die sin "*Die preek se slotwoorde (hardop uitgespreek of veronderstel) is altyd "so spreek die Here"*".

Die Heilige Gees is intens betrokke by die hele erediens. Die Gees verwek geloof en versterk geloof. Die Gees is betrokke by prediker en toehoorder.

Die Heilige Gees woon altyd in ons, dit is waar, maar die Gees se leiding is 'n influistering wat ons in die warboel van die lewe nie altyd ewe goed hoor nie.

Dit is in die erediens, telkens in die erediens, wat die Gees baie meer sigbaar en hoorbaar met ons besig is. Die Heilige Gees roep ons telkens na die erediens toe. God is inderdaad elke dag met ons besig, maar die afspraak vir Sondag is meer as net tradisie. Die teenwoordigheid van die Gees in ons lewens kom eerstens uit in ons aanbidding van die Here op 'n daaglikse basis, maar veral Sondag. Dan het ons 'n vaste afspraak met die HERE.